

2003

WATTER NUWE EKONOMIE?¹

Sampie Terreblanche

1. 'n Herformulering van die onderwerp

Die onderwerp is onvoltooid en ongedefineerd. Die bedoeling is seker dat ons sal praat oor "*Watter nuwe ekonomiese stelsel vir Suid-Afrika?*" - d.w.s. *watter* nuwe stelsel omdat die huidige een nie die gewenste resultate lewer nie.

In die begin van die 21ste eeu kan 'n mens egter nie meer net oor die ekonomiese stelsel van 'n land *in isolasie van die politieke stelsel* praat nie. Gedurende die 20ste eeu het die *politieke* en *ekonomiese* faset van die gesamentlike POLITIEK-EKONOMIESE stelsel so nou vervleg geraak, funksioneer die twee fasette so komplementêr tot mekaar, kompenseer die een tot só 'n groot hoogte vir die foute van die ander een, én móét die MAG van die een deur die MAG van die ander een afgegrens word, dat dit nodig is dat ons ons voortdurend oor die *doelmatigheid* al dan nie, van die gesamentlike *politiek-ekonomiese* stelsel sal verantwoord.

'n Moderne politiek-ekonomiese stelsel is nie waarde-neutraal nie: dit MÓÉT funksioneel wees ter bevordering van sekere gekose WAARDES, en die MAG waarop sowel die *politieke* as die *ekonomiese* dele van die gesamentlike stelsel gebaseer is, móét ideologies gelegitimeer word en hierdie ideologieë moet versoenbaar wees met die WAARDES wat die gemeenskap wens om te verwesenlik. Die vraag word dus: *Watter nuwe gesamentlike politiek-ekonomiese stelsel vir Suid-Afrika, wat in terme van watter ideologieë en/of waardes gelegitimeer word?*

2. Die maatstawwe waarmee die doelmatigheid van 'n politiek-ekonomiese stelsel beoordeel word

'n Tweeledige politiek-ekonomiese stelsel se *doelmatigheid* (funksionaliteit) hang van die volgende vyf faktore af:

- a) hoe *volledig* die skaars produksiefaktore (en veral arbeid) gemobiliseer, ontwikkel en in diens geneem word;

¹ Lesing gelewer by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in Oudtshoorn op 1 April 2003

- b) hoe *doeltreffend* produksiefaktore toegedeel en aangewend word, hoe suksesvol (fisiese en menslike) produksiekapasiteit opgebou word, en van die aard en volhoubaarheid van die ekonomiese groei en sosiaal-ekonomies ontwikkeling;
- c) hoe *billik* of *regverdig* mag, eiendom, geleenthede en inkome verdeel word en van die vlak van die minimum verbruikspatrone;
- d) hoe *deurlopend* en *volhoubaar* politieke en juridiese orde en sosiaal-ekonomies stabiliteit gehandhaaf word; en
- e) die *gehalte* van die beskawingsontwikkeling wat plaasvind en die *gehalte* van die waardes wat die gemeenskap kies om na te streef en die opofferings wat die gemeenskap gewillig is om ter wille daarvan te maak - of anders gestel - van die *afruiling*s wat die gemeenskap gewillig is om ter wille van sekere waardes te maak sodat die SOSIALE WELVAART van die gemeenskap as geheel so goed as moontlik bevorder kan word.

Is die huidige gesamentlike politiek-ekonomiese stelsel in Suid-Afrika funksioneel geoordeel in terme van hierdie vyf maatstawwe?

Nee, dit is nie funksioneel nie. Om die waarheid te sê, al Suid-Afrika se politiek-ekonomiese stelsels - van van Riebeeck tot by Mbeki - was/is wanfunksioneel. Gelukkig is die stelsel wat op die oomblik in plek is die beste - en die minste wanfunksioneel - van al die stelsel wat sedert 1652 bestaan het.

3. 'n Vergelyking tussen die politiek-ekonomiese stelsels van 1973 en 2003

Kom ons vergelyk Suid-Afrika se politiek-ekonomiese stelsel van 2003 met dié van 1973. Die politiek-ekonomiese stelsel van 1973 was: *'N POLITIEKE STELSEL VAN BLANKE POLITIEKE OORHEERSING PLUS 'N EKONOMIESE STELSEL VAN RASSE EN KOLONIALE KAPITALISME.*

Hierdie stelsel was uit 'n eng ekonomiese oogpunt baie suksesvol. Dit het Suid-Afrika in staat gestel om vir 40 jaar 'n jaarlikse ekonomiese groei koers van 4,5% te handhaaf. Die stelsel was in vele opsigte ook redelik stabiel. Maar uit bykans alle ander oogpunte beoordeel, was hierdie stelsel wanfunksioneel. Dit was verantwoordelik vir die *sistemiese uitbuiting* van 80% van die swartbevolking. In 1946 was die per capita inkome van die Afrikane 8,9% van dié van die blankes. In 1973 was dit slegs 6,8%!

Sedert 1973 het sowel die politieke as die ekonomiese dele van ons gesamentlike stelsel belangrike veranderinge ondergaan. Die politieke deel het verander in 'n konstitusionele demokrasie met 'n een-mens-een-stem kiesstelsel en 'n handves van menseregte. Maar gegewe dat die parlement op 'n proporsionele grondslag verkies word, verleen ons nuwe demokrasie buitengewone partypolitieke mag aan die Afrikaan-elite wat die ANC se Nasionale Uitvoerende Raad en die koudus beheer. Hierdie elite beskik oor die mag om die regering se ideologiese ingesteldheid en beleid op 'n eensydige wyse voor te skryf en te dikteer. Ons kan ons nuwe politieke stelsel as 'n *Afrikaan-elite demokrasie beskryf* wat nog lank nie die toets van 'n egte veelparty demokrasie deurstaan het nie.

Die moderne sektor van die ekonomie het sedert 1973 ook ingrypend verander. Dit het baie meer kapitaal-intensief geword en sy werkskeppende vermoë het skerp afgeneem. Die neiging na kapitaalintensiteit is deur verskeie faktore gestimuleer, maar veral deur die struktuurverandering wat in die Afrikaan-arbeidsmark ingetree het. Toe Afrikaan-arbeid nie meer so gedweë en goedkoop was soos vóór 1970 nie, het die hoofsaaklike blanke korporatiewe sektor swartarbeid met kapitaal vervang - én hy doen dit nog steeds. Oor die afgelope 30 jaar het die uitbuitende stelsel van *Rasse en Klasse Kapitalisme* verander in 'n *Eerste Wêreld Kapitalistiese Enklave* wat hom toenemend distansieer van die swartarbeidsmark d.w.s. die armste 50%. In 1970 het 34% van die totale Afrikaanbevolking permanente werkseleenthede in die moderne sektor gehad. Tans het slegs 13% sodanige werkseleenthede. Sedert 1994 is die Suid-Afrikaanse ekonomie holderstebolder "gegloboseer" en in hierdie "oop"-ekonomie is die geleentheid aan die korporatiewe sektor gebied om - bo en behalwe die biljoene wat die sektor onwettig uitgeneem is - nog meer biljoene wettig uit die land te neem sonder dat die beloofde invloed van buitelandse direkte belegging plaasgevind het.

Sedert 1994 is ons politiek-ekonomiese stelsel - soos dit in vandag se wêreld behoort te wees - 'n stelsel van *Demokratiese Kapitalisme*. Maar dit is ongelukkig 'n stelsel van *demokratiese KAPITALISME* waarin die "kapitalistiese" faset, in verhouding tot die "demokratiese" faset, te veel mag en invloed het en ook die ideologiese karakter van die gesamentlike stelsel dikteer. Ons nuwe politiek-ekonomiese stelsel kan dus soos volg beskryf word: 'N AFRIKAAN-ELITE DEMOKRASIE PLUS 'N OOP, EERSTE WÊRELD, KAPITALISTIESE ENKLAVE WAT IN TERME VAN DIE NEO-LIBERALE IDEOLOGIE (d.w.s. die "WASHINGTON CONSENSUS") VAN DIE BRITS-AMERIKAANSE WÊRELD GELEGITIMEER WORD.

Die jaarlikse groeikoers van 2,7% sedert 1994 is aansienlik beter as die jaarlikse groeikoers van 1,7% gedurende die vorige 20 jaar. 'n Hoë mate van sosiale politieke en makro-ekonomiese stabiliteit is sedert 1994 gehandhaaf en dit is verdienstelik. Die gesamentlike politiek-ekonomiese stelsel is egter steeds *wanfunksioneel* omdat 60% van die swartbevolking deur sowel die politieke as die ekonomiese fasette van die stelsel *uitgesluit* en *verwaarloos* word. Die armste 50% van die totale bevolking het sedert 1994 armer geword, terwyl hulle indiensnemingposisie, hulle sosiaal-ekonomiese posisie en hulle veiligheids- en gesondheidsposisies aansienlik verswak het. In 1996 het 17,1 miljoen mense onder die minimum bestaansvlak geleef soos gedefinieer deur UNISA se Buro van Marknavorsing. In 2001 het 22,3 miljoen onder hierdie vlak geleef!

4. Wie moet die skuld vir hierdie verarming en hierdie verswakings van die onderste 50% se posisie kry?

Die apartheidsregering moet deel van die skuld vir die groeiende armoede kry vanweë die aaklige sosiaal-ekonomiese erflating wat hy in 1994 aan die ANC-regering oorgedra het. Maar die ANC-regering en die korporatiewe sektor (én hul globale vennote) moet die ander deel van die skuld kry omdat hulle in 1993/1994 gesamentlik 'n politiek-ekonomiese stelsel geinstitutionaliseer het wat die armste 50% van die bevolking *sistemies uitsluit* en *sistemies verwaarloos*. Die ANC regering bestee wel meer op armoedeverligting, maar dit is nie naastenby genoeg om die versleggende toestande te stuit en om te draai nie.

Die wanfunksionaliteit van die huidige politiek-ekonomiese stelsel moet toegeskryf word aan die aard van die onderhandelde skikkings wat in die vroeë negentigerjare tydens die informele en geheime onderhandelinge tussen die plaaslike en globale korporatiewe sektore enersyds en die leierkorps van die ANC bereik is. Tydens hierdie geheime onderhandelinge het die plaaslike en globale korporatiewe sektore saamgespan en 'n magtige blok gevorm wat met hiperboliese beloftes en subtile dreigemente die leierskorps van die ANC oortuig, oorrompel en/of gekoöpteer het om 'n ekonomiese *beleid*, 'n ekonomiese *stelsel* en 'n ekonomiese *ideologie* te aanvaar wat in belang van die seksionele belang van die korporatiewe sektore is, maar wat uiters nadelig vir die bevolking as geheel blyk te wees.

5. Die redes waarom 'n neoliberale ideologie en 'n vryemarkstelsel en -beleid ONVANPAS vir Suid-Afrika is

Die korporatiewe sektor het 'n neoliberale en globaal-geörienteerde IDEOLOGIE, 'n vryemark BELEID en 'n vryemarkSTELSEL aan die nuwe Suid-Afrika opgedwing *kompleet* ASOF die minimum *mens-, juridiese en institusionele* voorwaardes vir so 'n IDEOLOGIE, BELEID en STELSEL in Suid-Afrika teenwoordig is of maklik tot stand gebring kan word - iets wat natuurlik nie die geval is nie.

Die ranson d'être van 'n vryemarkeconomie is daarvan afhanklik dat dit so volledig as moontlik die totale bevolking by die hoofstroom van sy aktiwiteit sal betrek en dat dit naastenby die totale bevolking deur sy werking sal bevoordeel. Die vryemark-IDEOLOGIE, BELEID en STELSEL is vanweë die volgende ses redes ONVANPAS en ONTOEPASLIK vir 'n ontwikkelende, verdeelde en sosiaal-ekonomies “geknakte” land soos Suid-Afrika ná byna 350 jaar van kolonialisme en apartheid:

- i) eerstens, omdat sowat 50% van die bevolking as gevolg van hulle onontwikkeldheid, (of is dit hulle uitgebuitheid?) hulle werkloosheid, hulle eiendomloosheid, hulle gebrek aan sosiaal-ekonomiese mag, hulle ongeorganiseerdheid en hulle gebrek aan vaardighede byna volledig *gemarginaliseer* is van die moderne sektor (en van die sogenaamde vryemarksektor) van die ekonomie;
- ii) tweedens, omdat eiendom, geleenthede, opvoedkundige en vaardigheidspeile te skerp *ongelyk* verdeel is, en hierdie ongelykhede so diep geïnstitutionaliseer is - ná 350 jaar van kolonialisme, 50 jaar van segregasie, 50 jaar van apartheid en 20 jaar van 'n ontwrigtende struggle - dat dit die “normale” werking van 'n vryemarkeconomie totaal “onhaalbaar” maak vir sê die volgende 50 jaar;
- iii) derdens, omdat 'n groot deel van die onderlaag tradisioneel georienteerd, getraumatiseerde (en selfs gebrutaliseerde) mense is wat 'n armoede-mentaliteit (en vanweë apartheid selfs 'n misdaad-mentaliteit) het en om hierdie redes nie die *rasionele* lewensingesteldheid het wat onontbeerlik is voordat hulle op 'n voordelig wyse (vir

hulleself) aan die meedoënlose spel van die sogenaamde vryemark-ekonomie kan deelneem nie en daarom gedoem is om op elke hoek en draai die onderspit te delf;

- iv) vierdens, omdat die reusagtige - en byna vulgêre - mag- en inkome-gaping tussen die georganiseerde *bourgeoisie* (15 miljoen mense) en die ongeorganiseerde *lumpenproletariaat* (23 miljoen mense) dit nie alleen onwaarskynlik maak nie, maar dit selfs onmoontlik maak dat die entrepreneursklas in die moderne marksektor ooit die "begrip", die wil, die empatie, die medelewe en die offervaardigheid aan die dag sal kan lê om die lumpenproletariaat op 'n winsgewende wyse (vir die entrepreneursklas) en op 'n heilsame wyse (vir die lumpenproletariaat) by die moderne sektor se bedrywighede te betrek - boonop is die ideologiese- orientasie in die geledere van die entrepreneursklas te hebsugtig, te selfsugtig en te kortsigtig om uit te reik na die proletariaat;
- v) vyfdens, omdat die meedoënlose dissipline van *globale* mededinging - gegewe die aard van Globale Kapitalisme - die winsgedrewe korporatiewe sektor in die kapitalistiese Enklave tot steeds groter *kapitaal-intensiteit* gaan aanspoor en dissiplineer wat die werkskeppende vermoë van die ekonomie net verder gaan verswak, wat dit soveel te meer onwaarskynlik gaan maak dat werkloosheid betekenisvol sal verminder *selfs al word 'n jaarlikse groeikoers van 4% (en hoër) gehandhaaf*.
- vi) sesdens, omdat die sterk strukturele neiging wat in die vroeë 1970 begin het na 'n Eerste Wêreld, Kapitalistiese ENKLAVE so sterk voortgerol het oor die afgelope 9 jaar - hoofsaaklik vanweë die neoliberale en globale beleidsmaatreëls én vanweë regstellende maatreëls in die arbeidsmark én vanweë die swak geskooldheid van 'n deel van die arbeidsmark - dat al die gapings tussen die ryk bourgeoisie in die ENKLAVE en die verarmde lumpenproletariaat op die Periferie aansienlik groter geword het en soveel te meer groter gaan word as die korporatiewe sektor sy ideologiese en organisatoriese magsgreep oor Suid-Afrika vir nog 10 of 20 jaar gaan behou - soos wat op die oomblik waarskynlik lyk. Vanweë die ideologiese ingesteldheid van die bourgeoisie is hy blykaar salig onbewus van die neiging na groter "enklaviteit" en die angswekkende implikasies daarvan.....

Suid-Afrika is reeds 'n twee-wêreld-wêreld. Die inwoners van die een wêreld is veelrassig, modern, ryk en leef in weelde. Die inwoners van die ander wêreld is swart, agtergeblewe, arm en krepeer van ellende. Die bourgeoisie wat in die Enklave "woonagtig" is, is 15 miljoen mense (en 'n 1/3 van die bevolking) en hulle het in 2001 byna 90% van die totale inkome ontvang. Die lumpenproletariaat wat op die Periferie "woonagtig" is, is 23 miljoen mense en het in 2001 minder as 4% van die totale inkome ontvang het. Die ander 8 miljoen het 7½% van die totale inkome ontvang. Hulle leef tussen hierdie twee wêreldes en kan "opskuif" na die Enklave, maar kan ook "afskuif" en deel van die Lumpenproletariaat word.

6. **Die huidige politiek-ekonomiese stelsel "produseer" rykdom en armoede.... én 'n rykmans- en armoedementaliteit**

Die huidige gesamentlike stelsel van *Afrikaan-elite demokrasie PLUS 'n Oop, Eerste Wêreld, Kapitalistiese Enklave* - soos dit gebaseer is op ekstreem kapitalistiese ideologieë en hallusinasies - "produseer" nie net rykdom vir die elite en armoede vir die proletariaat nie, maar dit "produseer" ook 'n ideologiese rykmanskultus en 'n mentaliteit van hebsug en materialisme in die geledere van die bourgeoisie wat onverskillig en hooghartig staan teenoor die mensonterende armoede en die armoede-mentaliteit van die armste helfte van die bevolking. Die stelsel "produseer" ook 'n siek waarde-orientasie wat geen empatie en geen medelye het met die strukturele armoede wat ons geskiedenis en ons huidige stelsel aan die lumpenproletariaat toegedeel het en nog steeds toedeel.

Hierdie ideologiese ingesteldheid en hierdie siek waarde-orientasie is ideologies diep gewortel in die Mynkamp wat aan die einde van die 19de eeu in Johannesburg opgeslaan is. Hierdie Mynkamp het homself op 'n skaamtelose wyse verryk in die 60 jaar ná 1913 toe die "Land Act" en die wrede trekarbeidstelsel in plek was. Hierdie Mynkamp besit 'n buitengewone sterk vermoë om sy verwronge markfundamentalistiese vryemark opvattinge - as sou Suid-Afrika 'n normale, vryemark, Eerste Wêreldland is en behoort te wees - deur meedoënlose ideologiese propaganda en "myth-making" aan ander te "verkoop". Oor die afgelope 30 jaar het die korporatiewe sektor onder die leiding van "Anglo-American" daarin geslaag om sowel die Afrikaner-as die Afrikaan-elite-groepe by sy misplaasde ideologieë, by sy waarde-orientasies en by sy (vermeende) vryemarkstelsel te koöpteer - teen gunstige terme vir hierdie twee elite-groepe, maar teen 'n yslike prys vir die armste helfte van die bevolking.

Ek noem hierdie propagandistiese en organisatoriese "suksesse" van die korporatiewe sektor - onder die leiding van "Anglo-American" - die rampspoedige dubbele "angloamerikanisering" van die Suid-Afrikaanse samelewing - in sowel die korporatiewe as die wêrelddeel sin van die woord. Deur hierdie dubbele "angloamerikanisering" is die politieke, die ekonomiese en die ideologiese "strukture" van Suid-Afrika oor die afgelope 30 jaar - en veral in die afgelope 9 jaar - *berekend* op so 'n manier "gebuig" (op aandrang van die plaaslike en globale korporatiewe sektore) dat hierdie twee sektore maksimale wins kan maak, terwyl die armes as gevolg daarvan maksimaal uitgesluit en verwaarloos word.

In die plek van die eng seksionalisme en elitisme van die Engelse establishment (7% van die bevolking) en sy uitbuitende segregasiebeleid gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu, en in die plek van die eng seksionalisme en elitisme van die Engelse en Afrikaner establishments (6% + 11% van die bevolking) en sy uitbuitende apartheidsbeleid gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu, word 'n nuwe seksionalisme en 'n veelrassige elitisme deur die nuwe haute bourgeoisie (4% + 6% + 7%) (insluitende die nuwe en gekoöpteerde swart elite) oor die afgelope 10 jaar gehandhaaf wat verstommend onverskillig staan teenoor die bevrediging van *ten minste* die Basiese Menslike Behoeftes van die armste helfte van die bevolking.

Die siellose materialisme van die Mynkamp en die res van die korporatiewe sektor het vir byna 100 jaar hoogty gevier toe die mite verkondig is dat dit onnodig is om bestaanslone aan swarttrekarbeiders te betaal, want 'n deel van hulle bestaan ("subsistence") sou kwansuis in die Tuislande geleë wees. Hierdie uitbuiting is deur die "Land Act" en deur die "dompas" tot in die sewentigerjare in stand gehou en die wit korporatiewe sektor (in veral die mynwese) in staat gestel om op 'n *onverdiende* wyse ongelooflike rykdomme te akkumuleer.

Die siellose materialisme van die Mynkamp vind sy hedendaagse neerslag in die volharding met die beloftes van die GEAR-beleid dat ekonomiese groei in die Enklave *spontaan* 'n voldoende "trickle down effect" vir die armes tot gevolg sal hê. Maar gegewe die sterk neiging tot enklaviteit - vanweë neoliberalisme, globalisering, arbeidswette en swak vaardigheidspeile - kom die beloftes van 'n "trickle down" in effek daarop neer dat die rykes vra dat hulle vol tafels net *voller* gelaai moet word, want dan sal daar genoeg krummels van hulle tafels val om die 23 miljoen kreperendes aan die lewe te hou!

Die "lekker geloof" van die bourgeoisie elite dat die kapitalistiese Enklave - spontaan en outomaties - die private sektor lokomotief gaan wees wat die armes uit hulle moeras van ellende gaan sleep, is 'n gevaarlike pypdroom. Dit is 'n mite wat met groot oortuigingskrag verkondig word deur 'n bourgeoisie elite wat 'n groot gevestigde belang daarin het dat ons hierdie mite sal glo asof dit 'n heilige waarheid is. Solank die liberaal-kapitalistiese ideologie en die vryemark fundamentalisme hoogty vier, solank die rykmanskultus die oordrewe individualisme en die selfsugtige materialisme van die elite vertroetel word, en solank die selfvoldane mentaliteit in elite kringe volhard met die propaganda dat Suid-Afrika 'n normale Eerste Wêreldland met 'n funksionele vryemarkstelsel is, solank sal dit:

- i) eerstens, onmoontlik wees om die SA politiek-ekonomiese stelsel te *vermenslik* en om dit só te herstruktureer dat dit op 'n doelmatige wyse in belang van die bevolking as geheel kan funksioneer;
- ii) tweedens, ook onmoonlik wees om *sosiale geregtigheid* te herstel ná byna 350 jaar van *sistemiese uitbuiting* en *verontregting*.

7. **Voorwaardes vir die instelling van 'n nuwe, 'n doelmatige en 'n mens-georiënteerde Politiek-Ekonomiese stelsel vir Suid-Afrika**

Voordat 'n nuwe doelmatige en 'n mensgeoriënteerde politiek-ekonomiese stelsel van DEMOKRATIESE KAPITALISME - wat op gebalanseerde magstrukture en gesonde waardes gebaseer is - tot stand gebring kan word, sal drie dinge moet gebeur:

- i) eerstens, sal 'n omvattende *paradigmaskuif* moet plaasvind waardeur die neoliberaale ideologie van die Brits-Amerikaanse wêreld verwerp sal word en 'n SOSIAAL-DEMOKRATIESE ideologie soos dié van kontinentale Europa aanvaar sal word.
- ii) tweedens, sal 'n omvattende *magsverskuiwings* moet plaasvind om gebalanseerde magsverhoudings tussen die "demokratiese" en die "kapitalistiese" fasette (van DEMOKRATIESE KAPITALISME) én tussen Suid-Afrika en Globale Kapitalisme te bewerkstellig; en

- iii) derdens, sal omvattende *beleidsverskuiwings* moet plaasvind om die prioriteite van die nuwe sosiaal-demokratiese ideologiese benadering te implementeer en om die aaklige nalatenskap van kolonialisme en apartheid deur herverdelings- maatreëls op te ruim.

7.1 Die ideologiese paradigmaskuif na sosiale-demokrasie sal onder meer die volgende vyf dinge tot gevolg hê:

- i) eerstens, dat die waardigheid en humaniteit van alle Suid-Afrikaners *konkreet* erken sal word deur nie net die klem op die eerste generasie menseregte van die Grondwet te plaas (soos wat die Konstitusionele hof tans doen nie), maar ook op die tweede generasie menseregte (of sosiale ekonomiese menseregte) en dat die nodige fondse daarvoor beskikbaar gestel sal word;
- ii) tweedens, dat die belangrikheid van gesonde sosiale verhoudings *uitdruklik* erken sal word (as teenvoeter vir die "reductionist individualism" van ons huidige versie van neoliberale kapitalisme) en dat 'n veel hoër prioriteit verleen sal word aan die herstel van *sosiale geregtigheid* na eeue van *sistemiese uitbuiting* en *sosiale ontwrigting*;
- iii) derdens, dat die groot en strategiese rol wat die staat en sy staatsdiens sal móét speel in die *insluiting*, die *opheffing* en die *ontwikkeling* van die verarmde en agtergeblewende 50%, erken sal word en dat die kapasiteit van die openbare sektor - oor sê die volgende 10 jaar - op so 'n wyse opgebou sal word dat 'n egte "developmental state" ingevoer kan word wat geleidelik 'n al hoe groter ontwikkelings- en werkskeppingsrol sal moet speel om vir die ernstige markmislukkings, die groeiende werkloosheid en die wanfunksionaliteit van die (vermeende) vryemarkstelsel in die kapitalistiese ENKLAVE te kompenseer;
- iv) vierdens, dat die relevansie van 'n goed-ontwikkelende burgerlike gemeenskap erken sal word en dat die groei en ontwikkeling daarvan kragdadig en finansiële ondersteun sal word sodat dit 'n deurlopende "demokratiese dissipline" sal kan uitoefen op die magsmisbruike en korrupsie waaraan sowel die politieke as die ekonomiese magshebbers hulle skuldig maak; en

- v) vyfdens, dat die beweerde "wysheid van die markmeganisme" uitdruklik as 'n *mite* verwerp sal word en dat die bevolking as geheel - ander leiding van die intellektuele elite en burgerlike organisasies - hom *openlik* en *deurlopend* sal verantwoord oor WAT die SOSIALE WELVAART van die totale bevolking definieer en welke SOSIALE WAARDES - soos menswaardigheid, die bevrediging van almal se basiese menslike behoeftes, gesonde sosiale strukture, die geskooldheid en beskaafdheid van die totale bevolking - *kwalitatiewe* inhoud daaraan verleen, sodat die nuut gedefinieerde SOSIALE WELVAART bewustelik die oorkoepelende DOELWIT van ons nuwe politiek-ekonomiese stelsel kan word in die plek van die huidige "growthmanship" benadering met sy eng kwantitatiewe en eng materialistiese doelwit van BNP-groei - wat in elk geval net in die kapitalistiese ENKLAVE plaasvind.

7.2 Die magsverskuiwing om 'n gebalanseerde magsverhouding tussen die "staat"sektor en die "kapitalistiese" sektore en tussen Suid-Afrika en globale kapitalisme te bewerkstellig, impliseer die volgende twee dinge:

- i) eerstens, dat die elite kompromieë wat in die vroeg negentigerjare tussen die korporatiewe sektor en die leierskorps van die ANC bereik is, (en wat op 'n "secret take-over" van die staat deur die korporatiewe sektor neergekom het), dringend *heronderhandel* sal word om groter mag, groter sowereiniteit en meer inisiatief in die hande van die ANC regering te plaas; en
- ii) tweedens, dat die oorhaastige en ongenuanseerde manier waarop Suid-Afrika oor die afgelope 9 jaar - op aandrang van die plaaslike en globale korporatiewe sektore - "geglobaliseer" geraak het, heroorweeg moet word sodat Suid-Afrika hom strategies van sekere aspekte van Globale Apartheid kan onttrek. (Vanweë die groot magswanbalans wat tussen die Ryk Noorde en die Arm Suide (binne die magstrukture van Globale Kapitalisme bestaan) - én vanweë die neoliberalistiese ideologie en die neo-imperialistiese ingestelheid van die Ryk Noorde (en veral die VSA) - is Globale Kapitalisme geensins ongekwalfiseerd 'n "goedhartige" stelsel vir 'n ontwikkelende land in die Arm Suide soos Suid-Afrika nie. Boonop het "globalisering" nie naastenby die voordele meegebring wat die voorstanders daarvan belowe het nie, maar wel die nadele waarteen die teenstander daarvan gewaarsku het.

7.3 Die beleidsverskuiwing om die sosiaal-demokratiese ideologie te implementeer en die nalatenskap van apartheid op te ruim impliseer die volgende drie dinge:

- i) eerstens, dat die balans van die "Big Trade-offs" wat tussen *doeltreffendheid* en *gelykheid* en tussen die *eiendomsregte* van die minderheid en *sosiale regte* van almal gemaak moet word in beleidsbesluite, te alle tye na die kant van *gelykheid* en *sosiale regte* sal oorhel;
- ii) tweedens, dat omvattende en goedgestruktureerde herverdelingsmaatreëls geïmplementeer sal word om nie net inkome *gelyker* te verdeel nie, maar óók werks- en opvoedkundige geleenthede, eiendom en die verskillende vorme van "entitlement"; en
- iii) derdens, dat die doelwit van "zero honger" aanvaar sal word as onderdeel van omvattende beleidsmaatreëls wat as doel sal hê om binne die korts moontlike periode die Basiese Menslike Behoeftes van die totale bevolking deurlopend te bevredig.

8. Is so 'n vorm van Demokratiese Kapitalisme haalbaar?

Ek verkeer geensins onder die illusie dat dit maklik sal wees om al die drie "verskuiwings" na 'n gebalanseerde, 'n humane en 'n sosiaal-demokratiese stelsel van DEMOKRATIESE KAPITALISME te bewerkstellig nie. Drie yslike struikelblokke lê op ons pad:

- i) eerstens, is die ou wit en die nuwe swart elite so volledig "gebreinspoel" omtrent die vermeende verdienstes van die neo-liberale ideologie en "globalisering" dat 'n *paradigmaskuif* na 'n sosiaal-demokratiese ideologie nie maklik deurgevoer sal kan word nie;
- ii) tweedens, het die plaaslike en globale korporatiewe sektore die ANC-regering in so 'n strukturele hoek vasgeverf - met wat vir my na 'n "meesterplan" lyk - dat dit baie moeilik vir die ANC sal wees om uit die "hoek" en die "magsgreep" van die korporatiewe sektor en globale kapitalisme te ontsnap om die gewenste magsverskuiwings op 'n *vreedsame* wyse en binne 'n redelike tydperk te bewerkstelling, of anders gestel, "it would not be easy to unscramble the scrambled eggs" en;

- iii) derdens, is die nuwe "verdelingsvennootskap" wat 10 jaar gelede tussen die ou wit elite en die nuwe swart elite gesluit is, so behep met sy eie materiële verryking en elitisme, besit hierdie nuwe "verdelingsvennootskap" soveel mag, het hierdie twee elite-groepe so *verwen* geraak en is hulle kategoriees so *anti-herverdeling* ingestel, dat die noodsaaklik herverdelingsbenadering nie maklik aanvaar sal word nie.

9. Gevare van 'n status quo-ideologie

Maar teenoor hierdie drie struikelblokke wat die nuwe veelrassige elite op die pad na 'n nuwe politiek-ekonomiese stelsel opgestapel het, moet die Groot Gevare wat voor in die pad vir ons wag - d.w.s. as die nuwe elite sou volhard met sy huidige wanfunksionele stelsel - geensins geringgeskat word nie. As die gapings tussen die Eerste Wêreld ENKLAVE en die Derde Wêreld Periferie toegelaat sou word om onbelemmerd voort te woeker, sal die lumpenproletariaat kort voor lank niks anders hê om daagliks na die Enklave uit te voer as hulle geweld, misdaad en aansteeklike siektes nie. As die sterk neiging na *enklaviteit* en na *lumpenproletarisering* oor die volgende 9 jaar so sterk gaan voortrol soos in die afgelope 9 jaar dan, "it would be too ghastly to contemplate...." en dan sal dit waarskynlik ook te laat wees vir trane. Dan sal die sosiaal-politieke stabiliteit van SA ernstig bedreig word. Dan sal die materiële en ideologiese omstandighede vir 'n tweede "struggle" in oormaat teenwoordig wees.

Laat ons wakker skrik voor dit te laat is. Ons roem daarop dat ons 'n beskaafde en Christelike land is. Maar as 'n beskaafde en Christelike land lyk soos Suid-Afrika tans lyk, dan het "beskaafd" en "Christelik" lankal hulle betekenis verloor. Of is dit 'n geval dat die soort beskawing en die soort Christendom wat ons hier handhaaf, geen begrip van *sosiale geregtigheid* en *menslikheid* het nie?